

**Gebed en voorbidding is kardinaal vir ware vernuwing in die kerk**

Hiskia het die volk gelei tot 'n radikale reformasie van die erediens. Verkeerde gewoontes en altare wat al tradisies geword het, is afgebreek. Al was dit 'n terugkeer na ou beginsels en voorskrifte vir die viering van die Paasfees, moet dit vir die mense wat die verlede nie geken het nie, 'n groot omwenteling en vernuwing gewees het. Tog het Hiskia het besef dat die reformasie nog gebrekkig is. Hy het besef dat die gebreke en oorblywende verkeerde elemente in hulle werk God se toorn kon opwek. Daarom bid hy dat God hulle genadig sal wees en die onvolkome dienswerk sal aanvaar.

Wat 'n beeld van 'n voorganger! Hy bid pleitend dat God hulle sonde vergewe en hulle erediens aanvaar. Letterlik staan daar dat hy gebid het dat God langs die Paasoffer vir die volk versoening sal doen. Alleen God se versoening maak enige bediening van die Woord en sakramente voor Hom aanvaarbaar. God vou hulle erediens toe in Hiskia se voorbidding dat Hy in sy genade hulle erediens met sy versoening sal toevou.

God se versoening en vergifnis vir ons eredienste, wat soms so formalisties sonder ware toewyding aan die Here afgehandel word, is so nodig! Ons moet daarvoor in gebed vra. Ons moet opreg daarvoor bid. God gee sy genade alleen aan die mense wat sonder ophou daarvoor bid en dank (Heidelbergse Kategismus, So. 45). Is ons eredienste dalk soms so droog en dor en oppervlakkig omdat ons so min werklik biddend daarheen gaan en met biddende harte daaraan deelneem? Hoe gereeld bid jy gedurende die week vir Sondag se eredienste? Die voorskrifte oor reinheid en die regte vorm van die erediens is belangrik, maar nog belangriker is die opregte gebed. Deur gebed om God se versoening word gebrekkige menslike dienswerk voor God aanvaarbaar gemaak, ten spyte van sonde wat daaraan kleef. God hoor sulke gebede wat met opregte harte tot hom gebid word.

Hiskia se vrome gebed het die straf van die volk afgeweer (vs. 20). Letterlik staan daar, "dit het hulle genees". Sonde maak ons kankersiek voor God. Versoening bring genesing. Dit word langs die weg van gebed ontvang. Die erediens word dan 'n jubelende fees met juigende lofsange en musiek, en verstommende offers wat gebring word. Die fees sluit met 'n pragtige toneel af: Die priesters en die Leviete spreek die seën uit oor die volk en die Here hoor hulle voorbidding in die hemel.

Kom ons bid en doen voorbidding dat daar ook van ons eredienste waar word wat aan die einde van hierdie hoofstuk (vs. 27) staan: "... hulle gebed het die heilige woning van God in die hemel bereik."

*Dr Flip Buys (Mukhanyo Teologiese Kollege)*